**Donderdag 15 November**

| Skrifgedeelte: Sagaria 5:5-11 | Fokusgedeelte: Sagaria 5:5-11 |
|---|---|

# Die Here neem goddeloosheid vir altyd weg van sy volk af

Visioen 7 volg direk op 6: Die Here spreek nie net sy oordeel uit nie, Hy sal dit voltrek. Alle sonde *sal vernietig én weggevat* word.

Eers sien Sagaria ’n graandmandjie. Dit beweeg van hom af weg (1953-vertaling). In vers 7 hoor ons daar is ’n vrou in die mandjie. Vanuit vers 6 is dit duidelik dat sy die volk se goddeloosheid verteenwoordig. Hulle sonde word doelbewus só uitgebeeld – in die Bybel word die stad Babilon, die plek waaruit die volk pas teruggekeer het, dikwels ge-skets as ’n owerspelige vrou wat mense verlei.

Die volk het teruggekeer na Jerusalem, maar hulle het die sonde en afgodery wat hulle daar in Babilon aangeleer het, saamgebring. Die Here het hulle juis 70 jaar tevore laat wegvoer vanweë afgodery; tog het hulle die vermetelheid om daarmee terug te keer! Hoe sou herstel ooit kom vir sy volk as hulle so in sonde volhard?!

Die opvallende in dié visioen is dat die graanmandjie op pad uit is, terug na “Sinear” (’n ander naam vir die einste Babilon!). In vers 9 verskyn twee vroulike dienaars van die Here. Soos twee sterk ooievaars lig hulle die sonde-mandjie op en vlieg daarmee weg. Die Here verwyder sy volk se sonde onder hulle uit. Hy heilig hulle, soos wat Hyself heilig is!

Worstel u met sonde? God het u sondeskuld in Jesus Christus vernietig. Nou stuur Hy sy Gees om u heilig te maak, sodat u eendag uiteindelik vlekkeloos sal wees – sonder sonde (Op. 7:14). Vra Hóm om u van sonde te heilig.

*Sing: Psalm 34-1:5, 6*

Teologiese Student J (Hanno) van Schaik